

VBO-Week 2018 - 'n Terugblik...

"Uitroep tot God...!"

WEBSKAKELS VIR AANBIEDINGE TYDENS VBO-WEEK

Dag twee:

MAANDAG • 3 SEPTEMBER

Wat maak ons moeg & moedeloos?

09:00 Dagwyding | Fanie Cronjé
 09:30 "Boodskap van die Boek Miga" | Fanie Cronjé
 10:30 Bespreking
 11:00 Verversings
 12:00 "Bybelse Klag" | Marius Nel
 13:00 Bespreking
 13:30 Middagete
 14:30 Groepsgesprekke
 16:30 Momentum
 18:00 Braaivlies



Dr Fanie Cronjé - Wat maak ons moeg en moedeloos? - vir die pdf-doc (ppt-aanbieding), klik [hier](#) (2Mb) - vir die pdf-doc (uitdeelstuk), klik [hier](#) (780Kb).

Prof Marius Nel - Bybelse Klag - vir die pdf-doc (ppt-aanbieding), klik [hier](#) (480Kb).

Dag drie:

DINSDAG • 4 SEPTEMBER

Gesoek ... 'n roetekaart!

09:00 Dagwyding | Fanie Spamer
 09:30 "Kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom?" | Johan van der Merwe
 10:30 Bespreking
 11:00 Verversings
 12:00 "Teologiese strominge in die NG Kerk" | Nadia Marais
 13:00 Bespreking
 13:30 Middagete
 14:30 Groepsgesprekke
 16:30 Rekreasie (bring bergfiets)



Dr Johan van der Merwe - Kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom? - vir die pdf-doc (ppt-aanbieding), klik [hier](#) (1.1Mb) - vir die pdf-doc (uitdeelstuk), klik [hier](#) (255Kb)

Dr Nadia Marais - Op die foutlyn - Teologiese Strominge in die NG Kerk - vir die pdf-doc (uitdeelstuk), klik [hier](#) (468Kb)

Dag vier:

WOENSDAG • 5 SEPTEMBER

Fokus bring nuwe energie!

09:00 Dagwyding | Psalm 46 | Anton Meiring
 09:30 "Missionale Kerkwees" | Nelia Janse van Rensburg
 10:30 Verversings
 11:00 "NG Kerk vandag en mōre" | Nelia Janse van Rensburg
 11:30 "NG Kerk Vrystaat vandag en mōre" | Pieter van Jaarsveld
 12:00 Bespreking
 12:30 AFSLUITING



Ds Nelia Janse van Rensburg - NG Kerk, vandag en mōre (Missionale Kerkwees) - vir die pdf-doc (ppt-aanbieding), klik [hier](#) (446Kb)

Dr Pieter van Jaarsveld - NG Kerk Vrystaat, vandag en mōre - vir die pdf-doc (ppt-aanbieding), klik [hier](#) (498Kb) - vir die pdf-doc (uitdeelstuk), klik [hier](#) (294Kb)

Terugvoer oor VBO-Week...

Meditatiewe (Taizé)-erediens (Estelle Meyer)

My ma is Dinsdag (28 Aug) oorlede... Vrydag (31 Aug) het ons 'n troosdiens waar ons as familie en vriende van haar afskeid neem. Die tyd tussen Dinsdag en Vrydag is gevul met reëlings en allerlei papierwerke. Saterdag verjaar ek en kuier heerlik saam met die familie. Sondag ry ons na middagete Bloemfontein toe om die VBO-Week by te woon.

Ons stap by die meditatiewe aanddiens (Taizé) in waar kerslig en musiek ons verwelkom. Ek raak rustig en bewus van God se teenwoordigheid en vir die eerste keer die afgelope week, kan ek by God tot ruste kom en oor my ma dink... terugdink aan haar ryk lewe en toewyding aan die Here.

Die sang, gebedstyd en rustige stem van ds Jan Lubbe bring my by waters waar rus is. Wat 'n wonderlike belewenis en kans om by Jesus se voete tot rus te kon kom. Dankie aan almal wat betrokke was om so 'n wonderlike geleentheid vir moeë mense te kon skep...



Aanbieding: Dr Fanie Cronjé (André van Staden)

Hierdie kort aantekeninge word deeglik vervat in die [aanbieding](#) van dr Cronjé:

- Kreatiewe manier van 'n eie vertaling:** Met hierdie direkte vertaling uit Miga 7: 1-7 en 18-20, word jy met die vraag gelaat: Hoe laat hierdie teks jou voel?
- Wat maak ons moeg en moedeloos?:** Die tegno-kommunikatiewe rewolusie wat ons tans wêreldwyd beleef, stel 'n mens aan alle soort nuus bloot, ook trauma. Onder hierdie omstandighede, wil Miga ons bemoedig.
- Nuutste eksegetiese bevindings van die teks: Hoe het Miga se gemeente gelyk?** Uit die argeologie - sien ons dat dit allermens maklik was. Die volk kan die vertrapping net nie meer uithou nie. Hulle sal enigelets doen dat God net hulle lot verander.
- Miga destyds en vandag:** In Miga klou God nie vir altyd vas aan woede nie. God trap nie op *jou* nie, maar trap op *jou sonde*. Juis daarom is die uitdaging om eerlik te besef wie ons voor die Here is. Dan word Miga 7 waar van ons kerk.
- Persoonlike belewing van Fanie se aanbieding:** Wanneer kundige entoesiasme, akademiese navorsing en die uitdagings van 2018 deur Fanie gemeng word, sit jy met 'n aanbiedingsproduk wat elke dominee met moed terugstuur na die bediening.



Aanbieding: Prof Marius Nel (Jean van Biljon)

Marius Nel het gesels oor Bybelse Klag en dat daar 'n verskil is tussen kerm en klag (Eng: *lament*).

Vir gelowiges in 'n verbondsverhouding met God, word klag 'n gebed gerig aan God. Hy haal vir Eklund aan wat sê: "*Lament depends on the idea that attacks from enemies, illness, and so forth are not merely wrong in a general sense, but that they violate something about this relationship with this particular God; suffering disrupts God's promises to be a faithful God to this people and to bring salvation to them.*"

Verder sê Nel: "Onderliggend aan klag is die vrees dat God dalk nie getrou is aan sy beloftes nie - dit is anders as om te sê dat die wêreld 'n harde plek is, want as gelowiges het ons nie 'n Plan B nie."

Alhoewel die Ou Testament vol is van klag (Jeremia 14/Jesaja 63:7-64:12/Habakuk 1) en klaagpsalms (Ps 22/51/74/79/130), is dit asof klag in die Nuwe Testament afneem - die tema verskuif na volharding. Jesus beliggaam die liggaamshouding van klag.

Ons moet weer verstom staan oor Jesus se opstanding uit die dood, wat nie net 'n lewe na die dood moontlik gemaak het nie, maar ook 'n lewe ná lewe, na die dood (NT Wright). Ja, die geestelike lewe in die paradys, sonder verdorwe fisiese liggame, gaan oor in 'n nuutgemaakte lewe met 'n verheerlikeerde liggaam waarin ons deur die Gees van God leef - 'n lewe ná lewe na die dood.

Die doel van klag verwoord uiteindelik die verwagting dat God sal handel. Klag moet ons beweeg om ook ander se klag te hoor en nie om dit te verduidelik en te verklaar nie.

Nel sluit af deur te pleit dat ons 'n liturgie/gebed tussen menslike lyding en God benodig waardeur dié wat ly, God kan aanroep.




Aanbieding: Dr Johan van der Merwe (Christo Schoeman)

Kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom? Dit is die vraag wat dr Johan van der Merwe onlangs aangespreek het by die VBO-Week te Woodland Hills.

Gebaseer op Natanael se woorde aan Filippus (Joh 1) en Filippus se antwoord, is my antwoord 'n duidelike: "Kom kyk!". Natuurlik is dit makliker gesê as gedaan, maar al hoe meer leraars is dit met Van der Merwe eens dat ons al hoe meer soos Jesus moet word (wees) (inkarnasie), terwyl ons vlakke van innovasie toeneem. Dit is natuurlik nie moontlik as ons nie behoorlik gesetel, bewus en in voeling is in-een met ons konteks nie.

Hierdie is nie nuwe nuus vir meeste leraars nie, maar tog iets waaraan ons onsself gereeld moet herinner. Van der Merwe meen dat ons sal moet besluit hoe ons die toekoms wil benader en stel dit grafies soos volg voor:




Die verskillende indelings is redelik self-verduidelikend. Om in die groen sone te kom, moet ons: "meer oor God praat, nie minder nie"; "besluit of ons wil 'reg' wees en of ons gelukkig wil wees"; beter diversiteit hanteer; tuiskom in Afrika; 'n dienende ingesteldheid openbaar".

Ons moet blatant eerlik wees met onsself en realisties begin kyk na wat aan die gebeur is, voordat ons enigsins kan begin om "buite die boks" te probeer dink. Deur groeiende inkarnasie en gelykvormig-wording aan Christus, gaan ons makliker begin om die "hier-en-nou" van ons kerkwees te omhels. Deur die leiding van die Heilige Gees, word ons denke vernuwe en is dit

vir ons makliker om ons gestuurdheid as God se kerk te omhels en nou reeds die vreugde van God se Koninkryk te ervaar.

Na my mening, moet ons 'n nuwe luister- en leerkurwe begin inneem, iets soos volg - waar Christus, die Hoof van SÝ Kerk, ons lei:



Aanbieding: Dr Nadia Marais (Chris du Raan)

Anders as om bloot 'n opgawe van die heersende teologiese aksente of strominge in die NG Kerk te gee, wys die aanbieder op die groot kraak wat tans deur kerklike debatte en besluite loop. Hierdie breuklyn loop parallel met 'n soteriologiese beskouing in die kerk wat in opsigte steeds die natuurlike teologie waarop Apartheid begrond is, eggó.

Die aanbieder wys uit dat Apartheid nie net sonde was nie, maar kettery. Sonde is menslik, onvermydelik en geeneen se sonde is groter as 'n ander s'n nie. Sonde bedreig nie die evangelie nie. Die evangelie is huis vir sondaars. Kettery beteken egter nie net dat daar gesondig is nie, maar dat die evangelie doelbewus verdraai is om dit in diens van Apartheid te stel. Die teologiese foutlyn is dus nie bloot 'n etiese foutlyn nie, maar inderdaad 'n leerstellige foutlyn.

Op die spoor van hierdie foutlyn word daar tans in die kerklike debatte gemaklik teruggegryp na dieselfde natuurteologie van die skeppingsordeninge: wit en swart, man en vrou, *gay* en *straight*, jonk en oud. Dit berus op 'n quasi-soteriologie en druis in teen die hart van die evangelie. Daar word oor God gedink en gepraat uit ander bronne as die geopenbaarde waarheid in Christus, die evangelie, die Skrif.

Die hart van die evangelie is genade. Alleen God se genade in Christus regverdig ons bestaan voor God. Deur die geloof ontvang ons dit bloot. Kerkwees wentel om die logika van die nulpunt van genade en genade laat geen ruimte vir diskriminasie, hetsy op grond van ras, gender of seksuele oriëntasie, nie.

Groepsgesprek: Aanbiedinge van drr Van der Merwe en Marais (Mias van Jaarsveld)

Dinsdagoggend was Johan van der Merwe van die Moederkerk in Stellenbosch en Nadia Marais van die Universiteit van Stellenbosch, aan die woord. Johan se voordrag het gegaan oor of daar nog iets goeds uit die NG Kerk kan kom, terwyl Nadia gefokus het op teologiese strominge binne die NG Kerk vandag. Johan het die groep gehelp om te ontdek waar gemeentes op die oomblik lê in terme van hulle bedieningstyl en ook waar ons gemeentes in die toekoms moet/kan wees (beide relevant en innoverend), deur *sensing leadership* en deur 'die kolletjies van God se wil te bind' (*connecting the dots*) en deel te word van God se groter roeping met die kerk vandag. Nadia het verwys na die foutlyne - die verkeerde keuses van die NG Kerk - in die verlede en ten sterkste gewaarsku dat daar nie weer - ten koste van die evangelie - dieselfde foute gemaak mag word nie. Beide Johan en Nadia het afsonderlik sekere uitdagings wat die NG Kerk vandag beleef aangespreek en dít het die middag gesorg vir 'n energieke, dog emosionele gesprek en refleksie.

In die groepsbesprekings was dit duidelik dat daar baie emosies losgemaak is rondom wat tans in die kerk aan die gang is en wat eintlik moet gebeur. Baie het ooreengestem dat die NG Kerk meer moet fokus om in te pas by die plekke waar God reeds besig is en om hard te soek na God se wil. Nadia het ons gelei om regtig na te dink oor of daar nog ernstige geloofsonderskeiding in die kerk plaasvind, veral as mens dink in terme van die verlossingsleer en ook oor die feit dat ons saligheid primêr lê in die feit dat almal ingelyf is in God se genadeverbond deur die bloed van Jesus Christus - sonder onderskeid.

Daar was gevalle van onsekerheid oor hoe hierdie kolletjies met mekaar verbind kan word, want die diverse kontekste van ons gemeentes - veral op die platteland - kan innovering moeilik maak. Daar is egter ooreengestem dat ons primêre identiteit in Jesus Christus lê, dat dit meer gewig moet dra en sigbaar moet word in leraars se bediening en meer klem moet dra in hul teologie en ekklesiologie. Baie stem ooreen dat selfondersoek 'n natuurlike reaksie is op hierdie twee lesings en dat selfs hierdie

(slegte/ongemaklike) emosies wat losgemaak is, huis 'n geleentheid is om kreatief in plaas van reaktief te dink.



Aanbieding: Nelis Janse van Rensburg (Johan Koen)

Mag die Here julle seén in hierdie woestyn tyd met 'n geestelike reën wat julle sal versterk. Dit was ds Nelis Janse van Rensburg se seëngroet aan almal teenwoordig by die VBO-Week. Hy het ons bemoedig met stories van wonderlike geleenthede waar individue 'n konneksie kon maak met onwaarskynlike mense. Hierdie verhoudings wat hulle gebou het, het geleid tot die herstel van mense se lewens en ook 'n bevestiging van die integriteit van die NG Kerk - sonder dat dit die doel was.

Ds Janse van Rensburg het vir ons gesê dat die tyd van Christendom soos ons dit ken verby is. Hy lei ons om te besef dat ons vanuit ons broosheid moet deel raak van die broosheid van die wêreld. Ons kan nie meer net 'n nabootsing van Jesus wees nie, maar ook 'n deelnemende volgeling van Christus wees. Hy nooi ons om verhoudings te herstel buite die beskerming van ons strukture en eerder in die stofstrate van ons gemeenskappe.

So erken hy dat hy graag deel wil wees van 'n kerk wat mense oproep tot bekering. Dit vra 'n egtheid van die kerk. Dit vra dat ons 'n nuwe lewe van geregtigheid in Christus uitleef. Dit vra dat ons mure in ons wêreld sal afbreek en soek na die opbou van verhoudings. Dit vra na 'n lewe gefokus op die Koninkryk van God. As dit sou gebeur dat ons die Koninkryk mis, gaan ons sukkel om mense op te roep tot bekering.

Hy het ons opgewonde gemaak om terug te gaan in die woestyn van ons wêrelde in om met die krag van Christus deel te word van die wêreld se broosheid, deur ook erkenning te gee aan ons eie broosheid. Ons is opgewonde om nuut te dink oor die Koninkryk van God en oor hoe ons die goeie nuus van Christus met mense kan deel. Ons is opgewonde oor die Kerk.



Aanbieding: Dr Pieter van Jaarsveld (Christo Nel)

Die volgende oorsig help ons met die uitdagings wat die kerk in die gesig staar:

- Daar is erge finansiële uitdagings vir gemeentes.
- Die plaaslike gemeentes sukkel om die uitdagings van hul tyd aan te spreek.
- Die Bultfontein Ring se hulpkreet aan die breë kerk oor boere se spanning, onsekerheid en emosionele trauma is aangehoor.
- Tussen 2009 en 2018 verloor die Vrystaatse kerk 13 600 lidmate, oftewel die gelykstaande getal van 27 gemeentes se lidmate (2009 = 90 491 lidmate en in 2018 = 77 888 lidmate).
- Van sowat 199 leraarsposte in 2009 is daar tans net 116 in permanente poste, 63 is nou in kontrakposte en 20 poste is heeltemal vakant.
- Dit gaan ook nie goed met dominees nie. Hulle bedienings en persoonlike uitdagings soos byvoorbeeld finansies, maak dat hulle nie op 'n goeie plek is nie.
- *10X Investments* waar ons pensioengeld belê is, wys daarop dat sowat 44% van die lede binne die volgende 10 jaar gaan aftree.

Die vraag kan met reg gevra word: **Waarom is die kerk tans in die situasie waarin ons is?**:

- Die NG kerk is vasgevang in 'n kerkwees-struktuur wat herinner aan die Romeinse ryk (ampte, kommissies, kerkordes, ensovoorts).
- Die land se huidige ekonomiese speel 'n groot rol in gemeentes en by dominees.

- Gemeentes bou steeds hulle identiteit op die dominee en die amp en pos van 'n dominee. Hulle sien dit dan as die enigste manier van kerkwees.
- Krimpende finansies maak dat gemeentes na binne gerig word en hulle roeping na buite afskaal, of selfs versaak.
- Een van die groot uitdagings waarmee die kerk sit is om effektief te kommunikeer. Hoe minder ons van mekaar weet en verstaan, hoe groter word die misverstande of persepsies waarmee ons leef.
- Samevattend sou ons kon sê:
 1. Ons manier van kerkwees...
 2. Finasiële uitdagings...
 3. Die tydsgees waarin ons is, is van die grootste redes waarom ons is waar ons is...

Met al bogenoemde in gedagte en dat die NG kerk Vrystaat voor geweldige uitdagings staan: **hoe behoort die kerk dan te reageer en te leef in 'n tyd soos hierdie?**:

- Persepsies van wat ons dink kerk behoort te wees moet deurbreek word. Ons sal buite die spreekwoordelike "box" moet dink en kreatief omgaan met kerkwees in ons huidige konteks.
- Herontdek dat die Drie-Enige God steeds die Here van die Kerk is!
- Ja, Woord en Sakrament en Ampte help ons verseker om kerk te wees, maar dit is nie die enigste vergestalting van kerkwees nie.

Wat moet ons prakties doen om God se droom vir die Vrystaat waar te maak?:

- Kommunikasie sal drasties moet verbeter en kreatief aangepas moet word.
- Luister na God, mekaar en die wêreld...
- Leer by God, mekaar en die wêreld...
- Predikante sal mekaar beter moet ondersteun en wegbeweeg van 'n gevaelike wantroue van mekaar en die bediening.
- Teologiese vorming bly sentraal.
- Kerkrade sal beter toegerus moet word vir die tyd waarin ons leef.
- Lidmate sal bemagtig moet word en bedieninge in gemeentes hanteer, selfs met 'n dominee wat beskikbaar is!
- Samewerking tussen lidmate en die predikant, tussen lidmate onderling, ringe en ringskollegas onderling.
- Saamwerk moet 'n sterk getuienis in breë verband die wêreld instuur.

Die kerk staan voor 'n keuse om Godgesentreerd of selfgesentreerd op te tree.

- Selfgesentreerd kyk ons in onself vas en voel onseker of ons gereed is vir die nuwe tyd.
- Gemeentes se gebrek aan 'n Godgesentreerde selfbeeld, maak dat hulle bang en onseker is oor hul identiteit en roeping.

Godgesentreerde Kerkwees ontsluit ons Missionale kerkwees:

- Die **HELE** kerk is gestuur - dit is in ons DNA en nie net 'n kommissie of 'n fasset van die bediening nie!
- Missionaal wegbeweeg van selfgerigtheid, of 'n na binnegerigtheid.

Ons moet besef dat ons nie meer "bevoorreg" is nie. Ons is in die minderheid en het ons "mag" en gesag verloor (dankie daarvoor!). Maar, as diensknegte wat verstaan dat ons Koningskinders is, kan ons as geloofwaardige getuies, 'n reuse verskil maak rondom ons! ***Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld...***

Algemene indrukke (Christa Maree)

Magnificat, magnificat - magnificat anima mea Dominum... So begin ons saam die Taizé-diens in Woodland Hills Gemeenskapskerk op Sondagaand 2 September. Die stiltes en sang onder begeleiding van Johan Cromhout en ds Jan Lubbe as prediker uit die boek Miga, maak ons rustig.

Maandag gaan ons voort met Miga en luister in verwondering na dr Fanie Cronjé, predikant van Pretoria, wat passievol praat oor die Ou Testament. Sy kennis oor argeologie laat 'n mens verstom. Dit is in die middag se gesprekke wat 'n mens hoor hoe predikante swaarkry, ook soos in die tyd van Miga. Ek kan nie anders as om met hul deernis te hê nie. Later, toe ek saam met dr Pieter van Jaarsveld en ds Christo Nel stap, luister ek met dankbaarheid hoe hulle te midde van veranderende tye, in hul gemeenskappe betrokke is. Albei is ook voorsitters van die ENGO-Jeugsorgsentrums op hul onderskeie dorpe.

Dinsdag is my laaste dag van bywoning. Dr Johan van der Merwe van die Moedergemeente Stellenbosch, laat 'n mens opgewonde voel om deel van die Kerk te wees. Hy gebruik tegnologie en doen vinnig 'n meningspeiling oor ons siening van die kerk. Daarna lewer Nadia Marais 'n baie akademiese, goed voorbereide lesing oor Teologiese strominge in die NG Kerk. Opmerkings teenoor haar laat my wonder oor diskriminasie - diskrimineer ons steeds sonder dat ons dit weet?

Dankie Barnard dat jy ons as ENGO kollegas genooi het. Al het ons nie altyd al die teologie verstaan nie, was dit vir ons goed om iets van die predikante se saamwees te kon beleef. Dankie ook aan ds Jannie Smit en sy De Bloem-span vir die heerlike verversings en etes.

Indrukke oor verblyf en gasvryheid (John Jackson)

Ek was die afgelope week by die VBO-geleentheid by Woodland Hills Gemeenskapskerk. Dit was my eerste ervaring met hierdie gemeente en sy mense... en kan ek sê, wat 'n voorreg en "geseënde" ervaring! Nie alleen die voordragte en praatjies wat deel van die program uitgemaak het nie, maar veral ook die wonderlik gasvryheid van die mense. Veral dan ook die gashere en gasvroue wat hulle huise vir ons oopgestel het sodat ons daar by hulle kon oornag, saam kon eet en saam kon kuier en so die liefde van Here en die besondere band wat gelowiges met mekaar in gemeen het, kon deel.

Ek wil met hierdie kort skrywe maar net met dankbaarheid getuig van die vriendelikheid en hartlikheid waarmee ek (en ek glo ook almal van ons), ontvang is ingenooi is om (al was dit maar vir enkele aande), deel te kon wees van hulle lewens. Voorwaar 'n besondere ervaring. Wat 'n voorreg! Dankie!

Julle het God vir ons sigbaar gemaak, soos die Here Jesus in Johannes 13:34 sê: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is."

Mag die Here julle seën...

Indrukke van leraars wat die VBO-Week bygewoon het

In twee sinne, gee jou indrukke van die VBO-Week en wat neem jy saam huis toe / na jou gemeente toe?

1. Uitdagende, konstruktiewe VBO!
2. My indruk van die week is dat daar baie mense/predikante is wat opgewonde is oor die toekoms van die kerk. Wat ek saamvat, is hoe om in ons gebroke wêreld broos te kan wees en tog te kan droom, te innoveer en te inkarneer.
3. Dit was een van die baie, baie meer sinvolle VBO's wat ek bygewoon het. Ek het bevestiging/hoop gekry en baie geleer. Die kerk is God se kerk en daar is méér as hoop!
4. Ek het die gesprekke baie geniet. Dit het my baie laat nadink. Ek wil graag die kerk se lidmate gaan leer om beter met die Skrif om te gaan.
5. Sinvol! Dit het energie in my geskep met goeie theologiese debatte op die tafel, waарoor ek weer kan gaan nadink...
6. Die week het vir my regtig baie beteken en die tema's het vroeë by my wakker gemaak waaroor ek weer wil gaan nadink.
7. Baie dankie vir die suksesvolle week. Insiggewend! Die week het beslis stof tot nadenke gegee wat ek saam met my kan terugneem...

Kontakbesonderhede:

Die VBO-Week is deur die kantoor van Bedieningsbegeleiding, NG Kerk Vrystaat gereël. Vir enige navrae, kontak ds Barnard Steyn op 051 406 6700 (k), sel 082 842 7029, of per e-pos by bicsteyn@ngkvs.co.za / daf@ngkvs.co.za



Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld